

**Pinksterboodskap: 28 Mei 2020**  
**Openbaring 3:1-6**

Hierdie gemeente in Sardis se jaarprogram word met 'n eentonige reëlmaat gevolg. Hulle is besig met al die normale dinge wat jy van 'n gemeente kan verwag. Hulle hou eredienste, kategese, bidure, kerkraadsvergaderings en Bybelstudies. Van buite lyk dit vir die ander gemeentes heel goed. Dit lyk na 'n lewende gemeente. Maar Jesus se woorde sny soos 'n swaard deur hul rustigheid. *Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood.* Hulle doen die normale dinge, maar daar is geen entoesiasme nie. Die toewyding, passie en vuur van vroeër het verflou.

Dit laat my dink aan 'n huwelik waar man en vrou se liefde vir mekaar weggekwyn het. Daar is nog respek en versorging vir mekaar, daar is nie veel konflik of probleme nie, ook nie enige ontrouheid nie. Op die oog af 'n modelhuwelik in ander mense se oë, maar sonder die aantrekkingskrag en passie van vroeër. Dit kan met 'n gemeente ook gebeur. My naam is in die lidmaatregister by die kerkkantoor opgeteken. Ek is gedoop, ek het kategese bygewoon en belydenis van geloof afgelê; ek het in die kerk getrou, en ek sal sekerlik uit die kerk begrawe word. Dit is 'n valse waarborg, 'n valse sekerheid. Die register van die kerkkantoor en die register van die boek van die lewe in die hemel mag dalk net verrassend van mekaar verskil.

Dit is baie interessant dat hulle nie, as ons dit so kan stel, skuldig bevind word aan die kritiek van die ander gemeentes nie. Soos die dwaalleer van die Nikolaïte, of afgodsdienste nie. Daar is geen Isebel in hulle midde nie. Dit is die profetes wat in Tiatira soveel moeilikheid veroorsaak het. Ons lees ook nie dat hulle juis vervolgt is nie. Waar die evangelie nie getrou geleef word nie, sal daar ook geen teenstand wees nie. Die ander gemeentes het ten minste die evangelie op 'n manier uitgeleef. Wat hulle gedoen het, het hulle met ywer gedoen, al het hulle ook foute gemaak. Maar die getuigenis van die gemeente in Sardis het sy krag verloor. 'n Skrifverklaarder het hieroor geskryf en gesê dat hulle soos pragtige groen bome was, maar onder die blare is daar geen vrug meer nie. Te veel boom en te min wortels.

Miskien het hulle te gewoond geraak aan die tydsgees van die stad. Inwoners van Sardis het in die algemeen 'n rustige lewe geniet. So rustig dat hulle lui en slap geword het. Een van die duidelikste voorbeelde daarvan was die tempel wat hulle vir Artemis, 'n Griekse godin begin bou het. Dit het vir jare lank halfklaar gestaan. Hulle was net eenvoudig te lui om die bouwerk klaar te maak. Dit is moontlik dat Jesus se woorde in v.2 daarop sinspeel: *Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie.* "Nie goed genoeg nie" herinner aan mense wat nie die toewyding het om dinge klaar te maak en af te handel nie. Dit is die probleem met die gemeente; hulle het 'n mooi ent gekom, maar gaan stilstaan.

Die gemeente word ernstig aangespreek. Hierdeur hoor ons ook die hart van God wat nie sy gemeente wil verloor nie. Dit is eintlik 'n bewys van hoe groot sy liefde vir hulle is. Daar is vyf opdragte in v.2,3 wat as 'n wekroep tot die gemeente kom.

Hy begin deur te sê: "Word wakker!" In v.3 herhaal Hy dit: *As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie.* Dit is nie verniet dat Jesus hierdie beeld gebruik nie. Sardis was 'n baie ryk stad, en veral bekend daarvoor dat hulle militêr baie sterk was. Byna onaantasbaar deur die vyand. Die stad was op 'n hoë uitloper van 'n berg gebou, sodat die mure rondom die stad op feitlik loodregte kranse gevorm was. Daar was omtrent geen manier waarop jy die stad met verrassingsaanvalle kon inneem nie. Die gevolg was dat die inwoners 'n oormaat van selfvertroue gehad het. Hulle is onoorwinlik! Hulle kan maar rustig slaap in die nag. Tog het dit twee keer in hul geskiedenis gebeur dat die stad oorrumpel is deur vyandelike magte, en die rede? Hulle was nie waaksaam nie! Hulle oormaat selfvertroue het hulle oorgerus gemaak. Twee keer is hulle in hul slaap verras! Jesus sê hulle moet

wakker word uit hul geestelike slaap, sodat die koms van die Here hulle nie onverhoeds betrap, soos wat met die stad gebeur het nie. Anders sal dit hulle duur te staan kom.

Die tweede oproep in v.2 is: *Versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop.* Dieselfde Griekse woord wat hier met "versterk" vertaal word, is gewoonlik gebruik in die boubedryf. In die boubedryf het dit beteken om die sement sterker aan te maak, sodat die fondament stewig kan wees. Dit moet verder verhoed dat die klip en stene nie begin verkrummel en van mekaar losraak nie. Die gemeente, as gebou van God, het begin verkrummel. En die stene wat nog iets werd is, word uiteindelik ook aangetas. Daarom moet hulle leer om weer versterk te word deur die evangelie van Christus, en dit in woord en daad uit te leef.

Derdens roep Jesus hulle op (v.3) om *daaraan te dink toe hulle die evangelie die eerste keer gehoor en daarna geluister het.* Dink aan die keuse, die beslissing wat julle destyds gemaak het. Gaan terug na die begin, na die boodskap van Christus aan die kruis, na sy onuitwisbare liefde vir julle. Dink aan die verlossing wat vir julle bewerk is. Laat dit die vuur vir die evangelie weer in julle aansteek.

Vierdens versterk Hy die vorige gedagte met: *Hou daarmee vol!* Moenie halfpad ophou nie. Bly toegewy aan God. Moenie in geesdrif verslap nie. Doen die dinge wat jy moet, al is dit ook hoe klein of gering, maar doen dit van harte en met oorgawe vir Christus.

Vyfdens word alles saamgevat deur die oproep: *Bekeer julle...* Maak 'n voorraadopname van jou lewe - jou verhouding met God, jou verhouding met mense rondom jou. Jou werk, jou lewe in die algemeen. Dink 'n slag goed na oor die doel van jou lewe en hoe jy 'n getuie vir die Here kan wees.

Hierdie oproepe en waarskuwings is nie 'n sweep waarmee die Here ons wil slaan nie. Dit is nie die bedoeling van Christus wanneer hy met die gemeentes praat nie. Veel eerder is dit 'n uiting van sy liefde. Luister dan net hoe Hy aan die begin van die brief in v.1 sê: *So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het...* Dit is woorde wat ons ook hoor in hoofstuk 1:20 Die getal sewe word gereeld in Openbaring gebruik en is 'n uitdrukking van volkomenheid en volheid. Die Gees van God is in sy volheid oor ons uitgestort. Hy skenk al sy gawes aan ons sonder terughou. En Hy hou die gemeentes en hulle leraars vas. Hy wil hê dat ons almal moet vreugde vind in ons geestelike bouwerk in sy koninkryk.

Gelukkig is daar 'n groepie gelowiges in Sardis wat nie in 'n gemaksone verval en halfpad opgehou het nie. Aan hulle, en ook elkeen wat die oorwinning behaal, word 'n belofte gegee - spierwit klere en 'n plek in die boek van die lewe. Die Christene het seker self van die pragtige wolstowwe op die mark gekoop. Hierdie besondere skaapwol is in 'n verskeidenheid kleure gekleur en daarvan is klere gemaak. Jesus sê hulle sal wit klere dra. In Openbaring is dit 'n simbool van reinheid, volharding en oorwinning. Sien ook hoofstuk 7:14 waar ons lees dat die verlostes se klere wit gemaak is deur die bloed van die Lam.

Hulle name sal ook in die boek van die lewe geskryf word. Niemand sal dit daar kan uithaal nie. Daarvoor sal die Here self sorg. Dit verstaan die Christene ook goed, want hulle weet wat gebeur met burgers wie se name nie in die staatsregister is nie. Daardie persone word van alle burgerregte ontnem. Maar by God se register kan daar geen fout kom nie; niemand kan dit meer doodtrek nie; dit is daar vir ewig. Al maak ons nog foute, ons word nie die voorregte van God se liefde ontnem nie.

So negatief as wat die brief begin, so positief en troosvol eindig dit. Mag dit ons dan wakker maak en aanvuur tot nuwe ywer en entoesiasme vir 'n lewe voor God.

**Gebed**

Herskep, o Gees, laat leef, o Gees,  
laat kom die koninkryk met mag,  
laat mense tot bekering kom,  
oorreed deur u oortuigingskrag.

O Gees, verlig ons, laat ons vind  
die waarheid wat u Woord ons leer  
dat ons met God en met mekaar  
in Gees en liefde kan verkeer.

Herskep, o Gees, laat ons herleef,  
maak wakker elkeen in u kerk.  
Laat ons uit God se liefde leef,  
en dankbaar waak en bid en werk.

(Lied 436)